COMMUNITY NEWSPAPER

HAPPY NEW YEAR

# GansBerg Nuus/News

2026

PRICE R15.00

2 January 2026

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

284th Edition



WE WISH YOU A

## HAPPY NEW YEAR

**Galvatech**
Corrosion Protection Specialists

Galvatech - Korrosiebeskerming Spesialiste diens nou
**Gansbaai en Omgewing!**




Beskerm jou staal teen die elemente met Galvatech se gehalte-afwerkings - vinnig, betroubaar en professioneel.

- ✓ Hot Dip Galvanisering
- ✓ Epoxy Powder Coating
- ✓ Shot/Sand Blasting
- ✓ Industriele Spuitverf
- ✓ Galvanisering SANS 121 Goedgekeur

Of jy nou 'n boer, kontrakteur of ingenieur is - Galvatech help jou om jou staalwerk reg te beskerm, die eerste keer!

Diens beskikbaar in Gansbaai en omliggende dorpe - Skakel vandag nog of besoek galvatech.co.za

021 951 1211
066 474 6967
sales@galvatech.co.za

**The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.**

**Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.**

**All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.**

**Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.**

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*

# MEET the team

OFFICE: 028 205 0100
Whatsapp: 066 225 4282



Michelle van Zyl: 078 010 8286
Owner / Advertising
michelle@gansberg.co.za



Melissa Van Rooyen
Graphic Designer
design@gansberg.co.za
Editorial Content
info@gansberg.co.za



Hardus Botha: 082 786 0494
Journalist
info2@gansberg.co.za



Tracy Hulme: 076 672 6283
Admin Assistant
tracy@gansberg.co.za



Freda Potgieter: 063 668 4577
Advert Representative
freda@gansberg.co.za



Janine Williams: 072 931 1431
Advert Representative
janine@gansberg.co.za

# Green Noise climbs higher with Season 3

Green Noise, CapeNature's acclaimed podcast series, returns for its third season with its most immersive episodes yet. Breaking away from the studio, the entire season was recorded live in the rugged Hottentots Holland Nature Reserve, at altitudes between 500 and 1 590 metres.

Season 3 dives into the intersection of biodiversity, water security, and sustainable development across the Western Cape. The opening episode, Biodiversity Restoration and Water Security, features Dr Ashley Naidoo, CEO of CapeNature, and Louise Stafford, South Africa Country Director of The Nature Conservancy (TNC).

Filmed in the mountain catchment, the episode highlights South Africa's looming water deficit and the urgent need to tackle invasive alien plants (IAPs). The guests unpack the 30-year solution: the Greater Cape Town Water Fund, a pioneering public-private partnership investing in nature's infrastructure by clearing these 'water thieves'. "We are moving the conservation conversation out of the boardroom and into the field where the work is actually being done," says host Dan Corder.

**What to expect in Season 3**


Green Noise Season 3 showcases how CapeNature and its partners deliver tangible benefits for people and the planet. Key themes include: *The Power of Partnership: How the Water Fund has already cleared 40 000 hectares of IAPs and created over 1 300 green jobs; *Protected Areas and Events: Managing reserves to generate sustainable economic opportunities and deepen citizen-nature connections; *Conservation Innovation: Exploring new funding models, including Water Bonds, for long-term sustainability; *Filming in Nature: Behind-the-scenes with filmmakers using CapeNature reserves as cinematic backdrops; *Culture and Conservation - honouring ancestral traditions and initiation practices within protected areas.

Season 3 of Green Noise is essential listening for policymakers, environmental professionals, business leaders, and citizens committed to the future of the Western Cape.
(*Article shortened: Hardus Botha: Gans-Berg News*)

**Communications Officer Luke Folb**



*One of the Conservation Team members noticed a tortoise with two ticks on its shell. "We learnt that there is circulation between the shell and the bone, and ticks can access the blood system between the scutes (tortoise scales)."*



*This is a rhombic skaapsteker, which poses no threat to humans but certainly puts on a show. Reserve Manager Mike Fabricius observed this one flattening its neck almost like a cobra. He had not seen this behaviour in skaapstekers before, but believes it serves the same purpose - to appear larger and ward off potential threats.*



*This is a male boomslang. His colour is much darker than that of a female. Boomslange have incredible eyesight, both for hunting and for avoiding predators.*






# Record-breaking pine clearing Boosmansbos

A successful HeliHack mission has removed 16 276 invasive pine trees, restoring 2 500 hectares of the Boosmansbos Wilderness Area. From 7–9 November 2025, 21 volunteers were airlifted into rugged mountain peaks to tackle areas otherwise unreachable. Over three days, they set a record for both trees cleared and land restored.

The Boosmansbos Wilderness Area, a World Heritage Site and vital water source, feeds the Duivenhoks Dam and supplies around 15 000 residents. Invasive pines, notorious '*water thieves*', threaten these catchments in an already water-scarce region. Their removal is critical for ecosystem health and water security.

"Healthy ecosystems are the backbone of the Western Cape's water security, livelihoods, and wellbeing. Removing invasive alien species strengthens our catchments and ensures water continues to flow to communities," said Anton Bredell, Western Cape Provincial Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning.
"Initiatives like HeliHack help future-proof the Province, where environment, economy, and people can thrive despite climate pressures." CapeNature CEO Dr Ashley Naidoo added: "This record-breaking mission shows how partners like HeliHack provide vital capacity for conservation. By removing invasive trees, we restore ecosystems and protect the water thousands rely on."

This achievement builds on three years of work at Boosmansbos, where HeliHack has cleared 43 189 pines and restored 6 380 hectares - about 40% of the reserve. Pilot missions in 2023 and 2024 proved the approach's success, leading to a formal three-year partnership in 2024. The strategy now extends to four additional CapeNature reserves, reinforcing the commitment to safeguarding biodiversity and securing water resources for communities and nature alike.

**Luke Folb, CapeNature Communications Officer**












# LSG eer sy 2025-sterre

Die Akademiese Prysuitdelingsaand van Laerskool Gansbaai (LSG), wat op 9 Desember 2025 plaasgevind het, het weereens 'n indrukwekkende aantal Toppresteerders op verskeie gebiede opgelewer - te veel om hier volledig te vermeld.



*2026-Hoofleiers: Johané Gericke (OHD), Keagan van der Westhuizen (OHS), Lisa Beets (HD) en Maks Kotze (HS).*

Die gesellige en opwindende aand is deur ds Hanri Joubert geopen. Hy het onder meer na die speletjie *Minecraft* verwys en Prediker 3 as teksgedeelte gebruik. “Ons kinders ontvang boublokke van ons as ouers om hul *lewenshuise* te bou,” het hy gesê. “Nou moet hulle leer om self daardie *lewenshuise* te bou.” Die skoolhoof, Devin Sauls, het almal verwelkom en met trots terug verwys na die leerders se prestasies en aktiwiteite gedurende 2025. JP Coetzer, voorsitter van die Beheerraad, het namens sy span gelukwense aan die leerders, onderwysers en ouers oorgedra en ook verwys na die Beheerraad se projekte vir 2026, wat reeds in plek is.

Daarna het Devin met die oorhandiging van pryse begin, met 'n volgepakte skoolsaal waar die opwinding byna *tasbaar* was.

**2026 - Toppresteerders per graad**
Graad 4 - Zaan de Wet; Graad 5 - Merli de Wet; Graad 6 - Lisa Beets; Graad 7 - Johanné Otto, wat ook die Dux-leerder vir 2026 was. Die redaksiespan van die Gans-Berg Nuus wens hierdie leerders, asook elke ander leerder wat toekennings ontvang het, van harte geluk met hul pragprestasies.

**2026 - LSG-leiers**
Hoofseun - Maks Kotze; Hoofdogter - Lisa Beets; Onderhoofseun - Keagan van der Westhuizen; Onderhoofdogter - Johané Gericke.
*Die res van die 2026-leiers (alfabeties) is:*
Abbigail Hage, André Leach, Chelsey Els, Chelsey Louw, George Ferreira, Luchay Jansen, Luke Julies, Surané Jansen van Rensburg en Zean Ludick.

Die redaksiespan van die Gans-Berg Nuus wens die nuwe leiers hartlik geluk met hul verkiesing en wens hulle alle sterkte toe met hul belangrike en verantwoordelike taak vir 2026.
(*Foto's: Marna Beets*)

**Hardus Botha**



*Gr 4 Toppresteerder: Zaan de Wet.*



**Gr 5 Toppresteerder: Merli de Wet.**



*Gr 6 Toppresteerder: Lisa Beets.*



*Gr 6 Toppresteerder: Johanné Otto (plus Dux-leerder).*









**CONTACT ME TO ADVERTISE HERE**
Janine: 072 931 1431 / janine@gansberg.co.za

# Vier-geslag-storie by LSG...
# Van 15-dae-oue baba tot LSG-Hoofdogter



*Vier geslagte (2013): Lisa Beets (15 dae oud) in haar ma, Marna Beets se arms (middel), saam met oumagrootjie, Tina Hattingh (links) en ouma Louise Pyper (regs).*




*Lisa Beets, sowat 12 jaar later, aangewys as LSG se 2026-Hoofdogter en Graad 6 se Toppresteerder.*

"Kan jy onthou van die berig wat jy in 2013 oor die vier geslagte dames geskryf het?" het Marna Beets tydens Laerskool Gansbaai (LSG) se Akademiese Prysuitdelingsaand gevra. Die antwoord was "Ja", maar wat het dit met vanaand se prysuitdelings te doen? "Baie," het Marna geantwoord. "Die vierde geslag dogtertjie van destyds, toe ons in Uilenkraalsmond saamgekuier het en sy skaars 15 dae oud was, is vanaand as LSG se Hoofdogter aangewys!" Nou ja - soos die gesegde lui: *say no more!*

Dit is inderdaad Lisa Beets, gebore op 10 Februarie 2013. Sy was 'n skrale 15 dae oud toe sy saam met haar familie in Uilenkraalsmond gekuier het - as die vierde dame-geslag. Sy is destyds saam met oumagrootjie Tina Hattingh (eerste geslag - intussen oorlede), ouma Louise Pyper (tweede geslag) en ma Marna Beets (derde geslag)afgeneem.

Nou, sowat 12 jaar later, is Lisa (vierde geslag) aangewys as LSG se 2026-Hoofdogter, asook Graad 6 se Toppresteerder, met nog toekennings wat haar te beurt geval het. Lisa, as vierde-geslag-dame, het gewis baie om op trots te wees!
(*Foto's: Marna Beets*)

**Hardus Botha**

*There is only one name to remember*
NASHCA FUNERALS
Cremation Services • Funeral Services
Funeral Insurance • Tombstones
64 Dirkie Uys Street, Sandbaai, **Hermanus: 028 316 1659**
57 Main Road, **Kleinmond: 028 271 4971**
Bothma Centre, 57 Main Road, **Gansbaai: 028 384 0251**
7 Queen Victoria Street, **Stanford: 028 341 0134**
**082 322 0874**



Medical 911

CMC CRITICAL MEDICAL CARE
PRIVATE AMBULANCE
MEDICAL EMERGENCY
028 0010 544
HERMANUS | GANSBAAI | CALEDON
KLEINMOND | BREDASDORP | ROBERTSON
028 492 0032 | info@cmcmedical.co.za | www.cmcmedical.co.za

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

1 LIFE RESCUE
1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335

# Storie-konsert wat sê: leef elke dag voluit


Elizabeth en Francois: 'Wil jy Dans, Claradyn'.

Liewer laat as nooit, lui die spreekwoord - en in die geval van Francois en Elizabeth se musiek- en storie-konsert met die tema *Wil jy dans, Carina*, was dit allesbehalwe te laat om daaroor te skryf. Die konsert, aangebied op 20 November 2025 deur die NG Kerk se Gansvryheidsdiens te onder leiding van Elcine Hulme en haar gedugte span dames, het die Pretoriussaal gevul met musiek, stories en emosie - en was sonder twyfel 'n enorme sukses.

Met Francois op die kitaar, soms ook Elizabeth, aangevul deur hul sangstemme, kon daar kwalik 'n beter kombinasie wees. Voeg daarby hul uitnodiging aan die gehoor: "As iemand se voete jeuk om hier voor te kom dans, maak gerus so!" - en die toon vir 'n besondere oggend was gestel. Elizabeth het die gehoor herinner dat elke mens en elke gesin 'n storie het - "dit sê dat jy lééf!" het sy gesê. "Elke storie begin êrens, en my storie het begin toe ek my eerste liedjie self geskryf het."




Anita Botha (regs) het die egpaar bedank en 'n blyk van waardering oorhandig.

Daardie storie het verder ontvou met die liedjie wat ontstaan het toe sy en Francois mekaar ontmoet het. "Ons was studente aan die Onderwyskollege en het saam in 'n opvoering opgetree," het sy vertel. "Francois in die manlike rol en ek as diensmeisie in die hoofrol." Lang storie kort: haar antwoord kort daarna was "JA", en die koeël was deur die kerk - met *Wil jy dans, Carina*. Hulle het dit nooit beplan as 'n treffer nie, maar die liedjie het 'n uitstaande sukses geword. In 1992 was dit onder die eerste Top 7-liedjies op RSG, nog in Edwill van Aarde se tyd. Daarna het Elizabeth die een liedjie na die ander geskryf, insluitend sowat 150 kleuterliedjies.

Die res van hul optrede in die Pretoriussaal het die verloop van hul lewens weerspieël. Vir elke belangrike gebeurtenis was daar 'n liedjie wat Elizabeth geskryf het en wat die twee saam gesing en opgevoer het. Dit was juis hierdie storie-konsert-formaat wat vir aanhoudende applous gesorg het. Dit was nie 'n gewone sangoptrede nie, maar 'n unieke kombinasie van musiek, humor, beweging en toneelspel - sonder twyfel genotvol, met baie lag en hier en daar ook 'n traan.


Elizabeth op haar stukke met die kitaar.

Na afloop van die konsert is die gaste met 'n smaaklike ete bederf, voorberei deur die Gansvryheidsdames, soos net húlle dit kan doen. Tydens die gesellige saamkuier was dit duidelik dat baie gaste nog nooit voorheen 'n storie-konsert bygewoon het nie. Elke liedjie het sy eie verhaal vertel, en hierdie twee sangers het dit meesterlik oorgedra. "Elke mens se storie het 'n einde - leef dus elke dag voluit," het Elizabeth afgesluit.

**Hardus Botha**


Elcine Hulme (middel), voorsitter van Gasvryheidsdienste.



# CapeNature goes cashless at select Nature Reserves




In line with its commitment to service excellence, sustainability, and safety, CapeNature is excited to announce the transition to a fully cashless payment system at five of its flagship nature reserves, effective 2 February 2026. This move will streamline operations, reduce queue times, and enhance the visitor experience while minimizing the risks associated with cash handling. The following reserves will adopt the cashless system: *Walker Bay Nature Reserve (Gansbaai/Hermanus); *Stony Point Nature Reserve (Betty's Bay); *Robberg Nature Reserve (Plettenberg Bay); *Keurbooms Nature Reserve (Plettenberg Bay); *Bird Island Nature Reserve (Lambert's Bay).

“Going cashless enables us to offer a more secure and efficient experience for our visitors,” said Dr Ashley Naidoo, CEO of CapeNature. “We've taken great care to prepare our teams and ensure that visitors have multiple payment options available for their convenience. As with any change, we understand and expect some implementation issues during the transition. Our visitors are always welcome, and we kindly ask for a little patience and understanding as we adapt.”

Visitors are encouraged to pre-book their permits online to avoid disappointment at the gate. For those arriving without a booking, speed point devices and mobile-friendly QR code payment options will be available on site. For more information, visit www.capenature.co.za, email customercare@capenature.co.za, or call CapeNature at 087 087 8250.

**CapeNature Communications Officer: Luke Folb**

# Smeer die Botter Dik aan





My ma het altyd gesê: “As jy botter in die huis het, smeer dit dik - moenie skaam wees nie.” Vir haar was botter nie net iets wat jy op 'n sny brood sit nie - nee, botter was 'n gebeurtenis. 'n Dankbare oomblik. Daardie smeersel egte botter op varsgebakte brood - dís wanneer jy weet: vandag is 'n goeie dag. Vandag is 'n botterdag.

Deesdae voel die lewe soos margarien-dae - daardie bleek smeersel wat sê dit is “laevet” en “cholesterol-vriendelik”, maar in jou hart weet jy: dis nie regtig lekker nie. Dis die goedkoopste opsie. Dit smeer makliker, hou langer en is meer prakties. Maar niemand skryf liefdesgedigte oor margarien nie. Daar is niemand wat sê: “Mmm, vat nog 'n stuk roosterbrood - hierdie margarien is darem uit die boeke!”

Ons leef ook meer in margarien-tye. Alles voel bietjie plastiek. Mense lag, maar dit klink soos voice notes met 'n filter op. Jy vra hoe dit gaan, en kry die generiese antwoord: “Goed, dankie.” Dis asof almal net smeer om te oorleef - dun, vinnig, maklik afspoelbaar en sonder geur. Sonder daardie vet, vol smaak van egtheid.

'n Botterlewe? Dis wanneer jy weet jy kan maar dik smeer - tyd, aandag, liefde en moeite. Dis daardie vriende wat kom sit sonder om op hul horlosies te kyk. Dis kinders wat Sondag by jou kom eet, want Ma het regte, egte botter in die pampoen gesit. Jou man wat vir jou koffie maak voordat jy vra. Dis gesels sonder haas, lag sonder voorgee. Dis vet. Dis vol. Dis ryk. Dis eg.
Maar nou leef ons in margarien-dae. Jy vat 'n plastiekmes, smeer dun oor die realiteit van die lewe en hoop dit hou jou brood vars. Alles is bietjie minder - minder tyd, minder kontak, minder egtheid. Mense sê margarien is gesonder. Miskien. Maar is dit lewe? Ek sê nie margarien is sleg nie - hy het sy plek. Maar ek wil net nou en dan daardie botterdag hê. Daardie dag waar jy nie na die vetinhoud kyk nie. Waar jy môre se bekommernisse afvee met 'n servet en sê: “Vandag smeer ek dik.”



En dalk, net dalk, kan ons leer om weer bottermense te wees - mense wat voluit gee, sonder om altyd bang te wees vir hoë-cholesterol emosies; mense wat eg is, opreg van hart, warm van gees. Want ja, margarien hou langer - maar botter bly lekkerder. En die lewe, my liewe mens, is te kort vir dun smeer!
(*Oorspronklike teks, anoniem, gewysig en aangepas*)

**Hardus Botha**

CONTACT US TO ADVERTISE HERE
Janine: 072 931 1431 / janine@gansberg.co.za
Freda: 063 668 4577 / freda@gansberg.co.za

# Gans-Berg Nuus kyk terug op 2025 se Lief en Leed





Jaarliks word hoogtepunte en laagtepunte, gevul met lief en leed, in Groter Gansbaai en in ons omliggende dorpe in die Overstrand en Overberg beleef - vir oud en jonk was daar tye van vreugde, tye van hartseer en tye met trotse gevoelens oor opwindende gebeure en prestasies. Slegs enkele hoogtepunte wat deur die Gans-Berg Nuus gedek is, word uitgelig.

Die jaar skop af met die jaarlikse Vissermans Verootmoedigingsdiens vir die jaar se vangste wat voorlê; The much-anticipated Driver's Licence Testing Centre (DLTC) in Gansbaai officially opened its doors for Phase 1 on 14 January; Van beurtkrag en die gepaardgaande trauma sal ons nie veel sê nie, maar eerder vertrou dat dit tans iets van die verlede is; Gedurende April vier Gansbaai se Goue Hande hulle 30ste Goue Jaar - hulle vorm die hartklop van Herberg-aan-See Tehuis vir Bejaardes (HaS).

Drie skokkende moorde, kort na mekaar, is in Blompark gepleeg. Eers was dit Ricardo Tobias (30) op 24 Maart, daarna Eben Olyn (34) op 19 April en Romeo Olyn (16) op 28 September; In Meimaand het dit begin gons oor die beplande Khoisan Bay-ontwikkeling langs De Kelders; Op 1 Mei het 'n grusame motorongeluk naby Stanford die lewens van drie kinders geëis: 'n 7-jarige seun en twee dogters van 8 en 10 jaar oud; On 12 May Overstrand Municipality welcomed its new Executive Mayor, Councillor Archie Klaas; On 10 May Marine Dynamics marked its 25th anniversary in style; South Africa won another Gold at the RHS Chelsea Flower Show.

Die Gans-Berg Nuus het op 3 Julie sy 5de verjaarsdag gevier - vyf jaar waartydens daar met harde werk en deursettingsvermoë van krag tot krag gegroei is; The new Birkenhead Substation boosted electricity supply for the growing region - the Overstrand Executive Mayor, Archie Klaas, officially cut the ribbon on 26 June.

Die vyf Poegie-helde, onder leiding van Manny du Bruyn, het op 29 Julie teruggekeer van hulle Poegie-rit - ná 11 dae in die saal van poegies (motorfietsies tussen 125cc en 150cc), waarmee hulle vanaf Gansbaai na Hentiesbaai in Namibië en terug ten bate van Ikamva Jeugontwikkeling gery het; Danie Maree, afgetrede Hoof van Elektriese Dienste vir Gansbaai, Stanford en later Overstrand Munisipaliteit, is op 26 Julie oorlede; Kort daarna is nóg 'n Gansbaai-legende, Johan Pieterse van Jo-Signs, op 27 Julie oorlede; Die brandseisoen het met verwoestende en kommerwekkende veldbrande afgeskop, met voosgewerkte brandbestryders wat dag en nag gespook het om die brande onder beheer te kry - 'n tyd wat nie ligtelik vergeet sal word nie.

On 21 October the new Trunk Road between Gansbaai and Stanford was officially opened by Minister Tertius Simmers, Western Cape Minister of Infrastructure; Ikamva Youth Development Centre in Blompark, under the leadership of Yolande Sauls, reached a remarkable milestone on 13 November: its 20th anniversary; Gansbaai se Kersliggies is op 5 Desember aangeskakel; Die NGK Kersmark het op 6 Desember begin en duur tot 23 Desember; Die Vissermans Dankdiens op 14 Desember 2025 was weer baie goed bygewoon.

Op 16 Desember 2025 het Gans-Berg Nuus se redaksie, onder leiding van Michelle van Zyl (eienaar/redakteur), 2025 met 'n "Wow!" afgesluit. 'n Suksesvolle *Gansbaai Carols* is in die Gansbaai Gholfklub se saal aangebied, wat baie goed ondersteun is - en wát 'n fees was dit nie! Baie geluk aan Michelle en haar gedugte span, wat baie vooraf harde werk ingesit het om 'n sukses van die dag te maak.

**Hardus Botha**













# CLASSIFIEDS


**KLEINMOND SKRYNWERKERS**
Ingeboude Slaapkamer en Kombuiskaste ens.
Ben-Louis Fourie: 083 330 8049
Fax: 086 266 1160
Email: kleinmondskrynwerke@live.co.za

**DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?**
EVERY WEDNESDAY @ 19:00
GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET
UNITY SERVICE RECOVERY
ALCOHOLICS ANONYMOUS
THERE IS HELP...
060 597 5419
078 307 7783

**CNC Sweis & Staal**
* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings
Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

**VIBRACRETE MURE**
**Gansbaai Precast**
* Vervangings en Verhogings
10 Jaar waarborg op materiaal
* 1.8m Nuwe Mure teen R730 per meter
(Prys net vir Gansbaai Area)
* GRATIS Kwotasies
Ons diens dek die hele Overberg
Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

**Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM**
Anglo Windows
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*
Hilton Hitge
084 558 1902
*info@anglowindows.co.za*
WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

**Maintenance Man**
*Noem dit en ons doen dit!*



Kontak Deon: 076 838 2890

**Te Koop**
'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**




**Wall Seal**
Reg No: 2022/809475/07
WE GET IT DONE
- Waterproofing walls & roofs
- Roof Cleaning
- Painting
- Sealing roofs with Liquid Rubber Sealant
- Painting of houses Internal & External
Call Mike on 063 708 4283

GANSBAAI PROPERTIES
028 384 1197
082 378 9955
www.gansbaaiproperty.co.za
*We hold the key to your property*

**HULP MET VUURWAPENLISENSIES**
Riaan Booysen: 074 203 6658
riaanbooysen@webmail.co.za

Freda:063 668 4577
freda@gansberg.co.za
Janine:072 931 1431
janine@gansberg.co.za

Gans-Berg Nuus/News
Weeklikse Gemeenskapskoerant
Website Link
TikTok
GANSBERGNEWS
Facebook Link
028 205 0100
066 225 4280
info@gansberg.co.za


## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335 |
| | 0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care Ambulans: | 028 001 0544 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |

## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Maryna Basson - 073 439 1979
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Stuart Hayman - 072 749 1510
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877

NEIGHBOURHOOD WATCH

# BRAIN TEASERS

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| F | G | Z | T | T | R | G | K | Z | G | S | T | R | F | W | F | G |
| A | N | K | O | U | T | B | N | N | C | R | X | I | G | G | E | A |
| I | I | N | U | P | B | A | I | I | A | H | S | A | N | V | S | J |
| R | F | T | R | Q | B | W | N | V | N | H | T | T | I | X | T | L |
| S | L | Z | I | G | O | C | E | N | I | E | V | Y | K | D | I | L |
| U | O | N | N | M | I | L | I | N | I | P | D | C | I | R | V | A |
| W | G | J | G | P | L | S | G | V | G | N | U | R | H | B | A | B |
| F | A | P | X | I | O | N | F | S | O | N | G | E | A | M | L | E |
| S | A | T | N | K | I | T | E | F | L | Y | I | N | G | G | S | S |
| J | O | G | E | M | G | N | I | P | M | A | C | L | I | L | D | A |
| H | S | C | M | R | U | B | O | A | T | I | N | G | I | K | F | B |
| E | W | I | C | S | I | I | P | A | R | A | D | E | S | A | I | M |
| N | W | U | P | E | A | N | L | L | A | B | T | O | O | F | S | B |
| S | I | V | U | L | R | N | G | H | G | N | I | G | G | O | J | T |


BASEBALL
BBQING
BIKING
BOATING
CAMPING
FAIRS
FESTIVALS
FISHING
FOOTBALL
GARDENING
GOLFING
HIKING
JOGGING
KITEFLYING
MOWING
PARADES
PICNICS
SAILING
SOCCER
SWIMMING
TANNING
TOURING
TRAVELLING
WATERING

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | | | | 2 | | |
| 7 | | 3 | | | | 4 | 9 | |
| | | 8 | | | 4 | | | |
| 1 | | | | 7 | | | | |
| | | 5 | | 2 | | | | |
| | | | 4 | | 6 | | | 8 |
| | | | | | 3 | | | 1 |
| | 5 | | | 4 | 7 | | | |
| | | | | | | 9 | 3 | 5 |

## Colour me in....




## ANSWERS



| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4 | 9 | 3 | 2 | 8 | 5 | 6 | 1 | 7 |
| 7 | 5 | 1 | 9 | 3 | 6 | 4 | 2 | 8 |
| 6 | 2 | 8 | 1 | 4 | 7 | 9 | 5 | 3 |
| 8 | 1 | 2 | 6 | 5 | 3 | 7 | 9 | 4 |
| 9 | 4 | 5 | 7 | 1 | 8 | 3 | 6 | 2 |
| 3 | 6 | 7 | 4 | 9 | 2 | 1 | 8 | 5 |
| 1 | 8 | 4 | 3 | 2 | 9 | 5 | 7 | 6 |
| 2 | 3 | 6 | 5 | 7 | 1 | 8 | 4 | 9 |
| 5 | 7 | 9 | 8 | 6 | 4 | 2 | 3 | 1 |

# Dankbare Gansbaai Tennisklublede

Die Gans-Berg Nuus (21 November 2025) het berig oor die vreugde onder die Gansbaai Tennisklublede ná die oprigting van 'n stewige en netjiese omheining rondom die tennisbane. “Die omstandighede by die tennisbane het intussen merkbaar verbeter ná 'n tydperk van gereelde vandalisme,” het die klubvoorsitter, André Snyman van De Kelders, gesê. “Die nuwe, stewige en netjiese omheining is 'n groot aanwins vir die klub.”

Nou het die Gansbaai Tennisklub nóg meer rede tot vreugde. Die oordoen van die bane was aanvanklik uitgestel tot die nuwe begrotingsjaar, maar fondse is intussen beskikbaar gestel - en siedaar, die bane is pragtig deur Gansbaai Munisipaliteit oorgedoen. “Met die tennisbane wat nou ook oorgedoen is, kan ons breed glimlag oor Gansbaai se spoggerige tennisbane,” het André gesê. “Ons is sommer trots om ander tennisklubs vir wedstryde te nooi.”

André, die bestuur en die spelers dra graag hul opregte dank en waardering aan Gansbaai Munisipaliteit oor vir die knap verbeterings, en vertrou dat die tennisbane nie weer onder vandalisme sal deurloop nie.


*Gansbaai se herstelde tennisbane.*

**Hardus Botha**


## Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Friday 01/01/2026 | Saturday 02/01/2026 | Sunday 03/01/2026 | Monday 04/01/2026 | Tuesday 05/01/2026 | Wednesday 06/01/2026 |
|---|---|---|---|---|---|
| 24° | 21° | 22° | 22° | 22° | 22° |
| Fresh Breeze 9 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Gentle Breeze 4 m/s from south-west 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 9 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Moderate Breeze 7 m/s from south 0 mm precipitation. | Moderate Breeze 6 m/s from west 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 9 m/s from west 0.3 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 2 January | 0217 | 1431 | 0821 | 2050 |
| 3 January | 0305 | 1519 | 0912 | 2135 |
| 4 January | 0350 | 1604 | 0959 | 2216 |
| 5 January | 0433 | 1648 | 1045 | 2257 |
| 6 January | 0515 | 1730 | 1129 | 2336 |
| 7 January | 0556 | 1812 | 1212 | 0015 |
| 8 January | 0638 | 1854 | 1257 | 0055 |
| 9 January | 0722 | 1941 | 1345 | 0139 |



Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

Put your advert here
2026

# Western Cape's conservation estate grows by 47 000 hectares


Anysberg.

The Western Cape has added some 47 000 hectares to its conservation estate through the declaration of two new nature reserves and the expansion of two others. This significant expansion in protected areas provides space for Cape mountain zebras to breed and improves the protection of many threatened succulent plants, mammals and bird species across the province.

The declarations have increased the size of two existing nature reserves - Anysberg in the Karoo and the Knersvlakte in Namaqualand by a combined 41 000 hectares. The two newly declared reserves are Waterkloof near Ladismith and Zebraskop in the Gamkaberg area of the Klein Karoo, which add a further 6 000 hectares to this number. All four declarations were made possible with land purchased by WWF South Africa using funds raised through the Leslie Hill Succulent Karoo Trust and other sources.

Together, these properties improve ecological integrity and enhance landscape connectivity. Landscape connectivity is increasingly being appreciated in conservation efforts, creating vital corridors that allow wildlife to move more freely between protected areas. The declarations also count towards South Africa's ambition of conserving 30% of land and marine areas by 2030 - the very ambitious conservation goal set out by the United Nations.

The extension protects 14 vegetation types from both the Succulent Karoo and Fynbos biomes, five of which were previously unrepresented in any protected area. It also strengthens ecological linkages between Anysberg, Sanbona Nature Reserve, Destiny Nature Reserve and the Klipgat stewardship site. This landscape is rich in biodiversity, hosting around 180 bird species, several antelope species, aardvark, leopards, Cape mountain zebras and the Critically Endangered riverine rabbit. The expansion also supports climate change adaptation by helping to maintain essential ecological processes.

In Namaqualand, the Knersvlakte Nature Reserve has been expanded by 34 084 hectares, which is the largest single addition since its establishment in 2014. The 3 952-hectare Zebraskop Nature Reserve has been established to support the Cape mountain zebra genetic programme by securing essential lowland habitat with the potential to double the genetically important Gamkaberg zebra population.

The newly declared 2 062-hectare Waterkloof Nature Reserve forms part of the Klein Swartberg Mountain catchment and will be managed by CapeNature as part of the Swartberg Complex. Declaration summary: Anysberg, Waterkloof, Zebraskop and Knersvlakte: Anysberg 6 918ha; Waterkloof 2 062ha; Zebraskop 3 952ha; Knersvlakte 34 084ha. Total 47 017ha.
(*Article shortened: Hardus Botha, Gans-Berg News*)

**CapeNature Media Manager: Luke Folb**


Knersvlakte.

Office National
Contact us to order your Personalised Rubber Stamps. We offer an on-site service
028 313 0003
22 Arum Street, Industrial Area, Hermanus 7200
hermanus@officenational.co.za
www.hermanusofficenational.co.za